

VERWOND TOT VERWONDERING

DIE SEWE OPSTANDINGSWOORDE VAN JESUS

Verwond tot Verwondering VI Johannes 20:27-28

Ons staan vandag stil by die sesde opstandingswoord waar daar 'n ontmoeting is tussen Jesus en Tomas. Geskiedenis het (ongelukkig) 'n etiket om hierdie dissipel se nek gehang. Ons praat vandag nog so: "Moenie so twyfelende Tomas wees nie!", so asof sy *twyfel* al is waarvoor hy bekend gestaan het. Ons vergeet vinnig die res van sy storie: In Johannes 11 hoor ons dat toe Jesus sê hul moet almal na Lasarus toe gaan, is Tomas die een wat sonder om te skroom na vore tree en sê: Kom ons gaan saam met Jesus sodat ons saam met Hom kan sterf! Daarom was Jesus se kruisiging presies wat hy verwag het gaan gebeur; dit het hom nie verras nie.

Tomas het 'n lewende geloof gehad - hy beweeg terwyl ander vries. En Tomas het nie 'n tekort aan moed gehad nie, maar hy was van nature 'n pessimis. Oor sy liefde vir Jesus bestaan daar geen twyfel nie. En toe hy sien hoe Jesus sterf, het hy hy gedink dit is die einde van die pad. Dit is waarskynlik hoekom hy nie daar was toe Jesus die eerste keer aan sy dissipels verskyn het

nie, en ook nie wou glo dat dit regtig gebeur het nie.

'n Hele week gaan verby en Jesus, wat Tomas se hart ken, nooi Hom uit: "Kom vat self met jou hande aan my wonde... Kom staan nader en kyk..."

Een van my professors het destyds altyd gesê dat ons nie regtig kan hoor wat die stories van die Bybel vir ons sê tensy ons dit hoor as stories oor onself nie. Ons moet onself in hul in verbeel; om onself te sien as die 'goeie' misdadiger wat in die genadelose son langs die sterwende Verlosser hang en prewel: "Jesus, dink aan my..." Ek kan nie regtig dink aan enige ander storie wat makliker is om onself in te verbeel as Tomas s'n nie. Want dit is 'n storie om te probeer glo in Jesus in 'n wereld vol skaduwees en dubbelsinnigheid en verlange en twyfel; 'n storie wat glinster van heiligheid en eerlikheid.

Jy kan jousef nogal maklik voorstel hoe dit moes voel in daardie vertrek saam met Tomas en Jesus wat vir mekaar kyk. Die lig van die lamp wat hul skaduwees laat flikker teen die muur - 'n heilige stilte. Jesus wat nie afwysend praat of geirriteerd is

nie, maar genadevol uitnooi... Dit bly aangrypend wat Jesus hier sê, maar dit klink ook asof Tomas amper nie eers vir Jesus hoor nie. Asof hy vir die eerste keer in sy lewe nie net wie Jesus werklik is sien nie, maar ook die *waarheid* oor wie Jesus is begryp - ook die *waarheid* wie Jesus is vir *hom*! Tomas het nie eers nodig om aan sy wonde te vat nie. Al wat oorbly is om te reageer met 'n gebed: My Here en my God! Die oë van sy hart het gesien...en daar was niks meer nodig om te sê nie.

Kan jy jousef hierin indink om die *waarheid* so te sien? Het jy al ooit die *waarheid* so gesien soos Tomas?

Ek glo ons almal het – meer as wat ons dink – en ek glo dat hierdie kyke/ervarings is dit wat (meer as enige iets anders) ons Sondag na Sondag teruglei na 'n erediens. Ek glo ons sien die *waarheid* oor Jesus in die gesigte van mense wat Hom volg en dien en hul lewe volgens sy liefde laat vorm. Ek glo ons sien die *waarheid* oor Hom in bladsye van die Bybel waar, net op grond van sy genade, die stories *lewendig* word en ons ervaar hoe Jesus nie met al die ander mense nie maar met *my* praat as Hy sê: Kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is...en Ek sal vir jou rus gee. Ek glo ons sien die *waarheid* in kuns en skilderye soos dié van Caravaggio.



Ek glo ons sien hom in ons kerkgebou – veral in oomblikke van stilte as die dominee(ek!) ophou brabbel en ons vir 'n oomblik of twee in die stilte toegelaat word om te wag en te luister. Ek onthou een keer as kind toe ek in die kerk aan die Nagmaalstafel saam met my pa gesit het en hy het vir my kliphard gesê het: “Die liggaam van Jesus vir jou, *Irénee*.” En vir die eerste keer het ek besef Jesus sien nie net 'n skare voor hom nie, maar hy sien *my* ook raak en *onthou my*, en *dink aan my*, soos Hy gedink het aan die misdadiger langs hom aan die kruis...

Ek glo ons sien Jesus in die seldsame oomblike wanneer ons ervaar hoe die Gees in ons beweeg – en ons aan die beweeg bring om klein Christusse vir mekaar te wees, en ook die oomblikke waar ons die Gees weerstaan en wegdraai, en sy omgee weerhou. Meeste van alles dink ek sien ons hom in ons

verlange na Hom – wanneer ons nie regtig weet na wie ons verlang nie.

“We are called to be Christs to each other like that, I think. Like Peter, like Thomas, the Marys, Joanna, we are called to be not just human beings but human beings open to the possibility of being transformed by the grace of God as it comes to us who knows how or when...”

Frederick Buechner

Dit is voorwaar 'n storie waar ons hoor wat dit beteken om te beweeg vanaf verwondheid tot verwondering; 'n verhaal wat ons nooi om oor Tomas se skouer te loer en (dalk) te bid wat hy bid: "My Here en my God!"

Vir Kleingroepe

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar die hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Waar het jy die afgelope week vir God raakgesien?

Ons ontmoet God

- Laat een persoon 'n openingsgebed doen.
- Lees Johannes 20:27-28 eers hardop waarna tyd gegee word sodat elkeen dit weer kan lees.
- Laat elke persoon deel watter woord of gedagte hulle opval in

hierdie twee verse. Of dalk het iemand 'n baie spesifieke vraag?

Ons deel met mekaar

- Op watter manier identifiseer jy met Tomas?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus vir Tomas uitnoui om aan sy wonde te vat?
- Kyk weer na die skildery van Caravaggio. Hoe 'praat' hierdie skildery met jou?
- Lees die aanhaling van Buechner deur. Wat beteken dit vir jou om hierdie woorde te hoor?
- Tomas bid/bely "My Here, en my God!" Aan watter gebeurtenis in jou lewe kan jy dink waar jy ook hierdie gebed gebid het, of iets soortgelyks ervaar het?

Ons bid saam

- Draai twee-twee na mekaar en deel met mekaar wat op jou hart is. Bid vir mekaar.